



F  054-3340205
E-  GEEN

PRIVAATSAK X 5912
UPINGTON
8800

 ME. A. STEENKAMP
 054-3340201/2/3/4
 473/D4/16GED 91

1999 -06- 14

MEV. L.C. VAN NIEKERK
THE LAIR TRUST
POSBUS 251
AUGRABIES
8874

Mevrou

**BENEDE-ORANJERIVIER STAATSWATERBEHEER-GEBIED : AANSOEK OM
DIE PERMANENTE OORDRAG VAN WATERREGTE INGEVOLGE ARTIKEL
63(6) VAN DIE WATERWET, 1956, VANAF MNR. G.J. BRAND VAN
KAKAMAS WEIVELD NO. 4 NA THE LAIR TRUST.**

U aansoek om bogenoemde het betrekking.

Dit word bevestig dat die permanente oordrag van **10,0 hektaar basiese
waterregte uit die rivier** vanaf Mnr. G.J. Brand van Kakamas Weiveld No. vier
na **Gedeelte 91 van Oranje Fall 16** soos volg goedgekeur en ingelys is vanaf 25
Mei 1999:


Na Gedeelte 91 van Orange Fall 16:

Vanaf die Restant Erf 1179 Kakamas Suid - **10,0 ha basiese waterregte uit die
rivier**

Die inlysting is formeel in die lys van belasbare oppervlaktes vir die Benede-
Oranjerivier gebied opgeneem en waterbelasting sal gehef word.

U aandag word voorts daarop gevestig dat 'n werkepermit nodig is om 'n
pomptoestel by die rivier aan te bring. Die aansoekvorms vir bogenoemde
werkepermit en om 'n pomptoestel op te rig is by hierdie kantoor verkrygbaar.

Die uwe



**^GEBIEDSBESTUURDER
AS/as**